Die Slim Jakkals en die Dowe Skilpad

Eendag het 'n slinkse jakkals op 'n stil, warm dag deur die bos geloop. Hy het gesien hoe 'n stadige skilpad op sy pad kom. Die jakkals het besluit om 'n grap met die skilpad te maak.

"Skilpad, ek wed jy kan nie vinniger as ek beweeg nie!" het die jakkals uitgeroep. Maar die skilpad het niks gesê nie. Die jakkals het gedink dat die skilpad bang is.

"Ek wed jou dat jy nie voor sonsondergang by die groot klip kan uitkom nie," het die jakkals gespot. Die skilpad het stadig beweeg, maar hy het nie op die jakkals gereageer nie.

Die jakkals het gelag en besluit om 'n middagslapie te vat. Hy was so seker hy sou die skilpad maklik wen. Maar toe die jakkals uiteindelik wakker word, sien hy dat die skilpad al by die groot klip is. Die skilpad het rustig geloop en die wedloop gewen.

"Hoe het jy dit reggekry?" het die jakkals gevra. Haas, wat net daar om die draai was en gesien wat gebeur het, antwoord toe vir Jakkals: "Skilpad kan jou nie hoor nie, hy is doof. Hy het nie na jou negatiewe kommentaar geluister nie, daarom het hy gewen."

Die jakkals het besef dat arrogansie hom laat verloor het, en hy het 'n les geleer: Soms wen geduld en volharding bo spoed.

Dit is belangrik om nie na negatiewe kommentaar te luister nie en jou eindbestemming in die oog te hou.

LIVEWORKSHEETS

Vraag 1: Leesbegrip (10 Punte)

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.
Omkring die korrekte antwoord (a, b, c of d).

1.1 Watter tipe teks is hierdie?
a) Fabel
b) Koerantberig
c) Sprokie
d) Inligtingsteks

1.2 Wat het Jakkals van Skilpad gedink toe hy hom uitdaag vir 'n wedloop?
a) Die skilpad is vinnig.
b) Die skilpad is slim.
c) Die skilpad is bang.
d) Die skilpad is arrogant.

1.3 Wat het die jakkals gedoen terwyl hy gewag het dat die skilpad by die klip aankom?
a) Hy het iets gaan eet.
b) Hy het 'n middagslapie geneem.
c) Hy het met ander diere gesels.
d) Hy het verder begin loop.

1.4 Wat het die jakkals besef nadat hy die wedloop verloor het?
a) Dat spoed belangriker is as geduld.
b) Dat arrogansie en minagting hom laat verloor het.
c) Dat hy nooit weer sal wed nie.
d) Dat die skilpad hom bedrieg het.

1.5 Waarom het die skilpad nie op die jakkals se gespot reageer nie?
a) Hy het nie die jakkals gehoor nie.
b) Hy was bang vir die jakkals.
c) Hy het te stadig beweeg om te antwoord.
d) Hy het die jakkals probeer terg.

1.6 Wat is die les wat die skilpad vir die jakkals geleer het?
a) Spoed is belangriker as geduld.
b) Om jou eie pad te volg en nie na negatiwiteit te luister nie.
c) Om iemand anders altyd te laat wen.
d) Dat dit beter is om alleen te werk.

1.7 Hoe het die jakkals se houding hom in die moeilikheid gebring?
a) Hy was geduldig en het hard gewerk.
b) Hy was arrogant en het die skilpad onderskat.
c) Hy was bang vir die skilpad.

1.8 Hoe sou die storie verander as die skilpad nie doof was nie?
a) Die skilpad sou vinniger gehardloop het en steeds gewen het.
b) Die skilpad sou moontlik ontmoedig geraak het en opgegee het.
c) Die jakkals sou glad nie deelgeneem het nie.

1.9 Waarom het die skilpad steeds die wedloop klaargemaak?
a) Hy wou die jakkals beïndruk.
b) Hy het sy eie doelwit gehad en wou dit bereik.
c) Hy was bang vir die jakkals.

1.10 Hoe kan hierdie les jou in jou eie lewe help?

LIVEWORKSHEETS

a) Om vinniger as ander mense te werk.
b) Om op te gee wanneer dinge moeilik raak.
c) Om aan te hou werk aan jou doelwitte al is dit moeilik.

LIVEWORKSHEETS